GIRLS & BOYS TOWN
Helping youth S.H.I.N.E.® since 1958

# Jeug VANDAG

MEI 2023 'N NUUSBRIEF VIR ONDERSTEUNERS VAN GIRLS & BOYS TOWN





*Nadat 'n brand ons Verulam-gesinshuis byna twee jaar gelede verwoes het, is ons dogters uiteindelik tuis. Hulle is net so opgewonde om daar te wees as wat ons is om hulle daar te hê!*

## UITEINDELIK TUIS!

Sonder die begrip, hulp en ondersteuning van ons skenkers sou hierdie pragtige opknap nooit moontlik kon wees nie. Baie dankie!

Middel 2021 het ons Verulam-gesinshuis vir dogters in vlamme opgegaan. Gelukkig het niemand fisieke beserings in die brand opgedoen nie. Tog was dit traumaties vir die dogters, wat reeds gebuk gegaan onder omstandighede soos fisieke en emosionele mishandeling – die rede hoekom hulle deur die Kinderhowe in die eerste plek in ons sorg geplaas is.

Ons het gehoop dat die herstelwerk binne 6 maande klaar sou wees, maar dinge soos versekering, gesondheid en veiligheid, en al die vereistes van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, het tot 'n lang en uitgerekte proses gelei. Daarom was ons baie opgewonde toe ons uiteindelik op 13 Februarie 2023 ons eerste nuwe dogters sedert die brand in die opgeknapte gesinshuis kon verwelkom.

Ons kinders het 'n werklike behoefte aan die sekerhede en geborgenheid wat gepaard gaan met die plek wat hulle hul 'tuiste' noem, en ons dogters se tydelike huisvesting kon nie ten volle in dié behoeftes voorsien nie.

Daarom was ons dogters opgewonde om terug in hul gesinshuis te wees, net soos ons is om hulle daar te hê. Hierdie proses – en die lieflike vernuwings – sou nie moontlik gewees het sonder die begrip, hulp en ondersteuning van ons dierbare skenkers nie.

Ons grootste 'Dankie' gaan aan elkeen wat met 'n ruim hart en begrip na ons en ons dogters uitgereik het.







### Ons Visie
Die jeug, gesinne en gemeenskappe; Suid-Afrika se krag en toekoms.

### Ons Missie
Skep geleenthede vir die jeug om tot verantwoordelike burgers te groei en te ontwikkel, wat tot die gesins- en gemeenskapslewe kan bydra in die gees van vrede, waardigheid, verdraagsaamheid, gelykheid en solidariteit met ander.

### Voordele van 'n bemaking aan Girls & Boys Town
'n Bemaking in 'n Testament aan Girls & Boys Town, 'n geregistreerde 'Openbare Weldaadsorganisasie' in terme van Artikel 18A van die Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962) word afgetrek van die waarde van u boedel, wat onderhewig mag wees aan boedelbelasting. U bemaking aan Girls & Boys Town sal gevolglik totaal vry wees van boedelbelasting en sal die deel van u boedel wat onderhewig is aan Boedelbelasting verminder.

Volg ons

**Nasionale hulplynnr:** 0861 58 58 58
Privaatsak X6, Greenside, 2034 Suid-Afrika
Tel. 011 482 2655 Faks. 011 482 6059 / 0866 131 580
E-pos mailing@gbtown.org.za
Webruimte www.girlsandboystown.org.za
Geregistreer as 'n organisasie sonder winsoogmerk (Wet 71 van 1997)
**Registrasienr. 009-244 NPO**
PBO: 130000379
Geregistreer as 'n welsynsorganisasie (Wet 100 van 1978)



# Nuwe belastingreëls bepaal dat ons vanaf 1 Maart 2023 meer van u moet weet…

Elke uitgawe van Jeug Vandag is vir ons 'n geleentheid om u hartlik welkom te heet in die lewens van ons kinders. Soos altyd is ons trots om hul hindernisse met u te deel, want elkeen wat hulle oorkom, is 'n tree nader aan sukses.

Ek is terdeë bewus daarvan dat ons hierdie jongmense net kan help met die volgehoue ondersteuning en vriendskap van ons skenkers – iets waarvoor ons diep dankbaar bly.

Nou hoop ek dat ons weer op u begrip kan staatmaak. Vanaf 1 Maart 2023 moet die artikel 18A-belastingsertifikate wat ons aan u stuur ter erkenning van u skenkings, ekstra inligting bevat – inligting wat ons net van u kan kry.

Soos ons die nuwe reëls verstaan, moet artikel 18A-serfikate wat vanaf 1 Maart 2023 uitgereik word, nuwe inligting bevat wat nie voorheen nodig was nie. Hierdie inligting sluit in:

- identifikasie- of registrasienommer van die skenker;
- inkomstebelastingnommer van die skenker;
- die skenker se kontaktelefoonnommer;
- die skenker se e-posadres;
- 'n definisie van die aard van die skenker, d.w.s. 'n natuurlike persoon, maatskappy, trust, ens.;
- natuurlike persone moet hul identifikasietipe en die land van uitreiking verstrek;
- die handelsnaam van die skenker indien dit van die geregistreerde naam verskil.

Ons hoop u sal begryp dat Girls & Boys Town SA so gou moontlik die nodige stappe moet doen om te verseker dat ons aan die nuwe vereistes voldoen en sodat die artikel 18A-sertifikate wat ons uitreik, geskik is vir die doeleindes van u belastingopgawe.

Ons is verplig om u te nader vir 'n volledige stel inligting, maar indien u die nuwe inligting uit u eie aan ons kan stuur, sal ons natuurlik baie dankbaar wees. As dit enigsins moontlik is, stuur asseblief die nodige besonderhede per e-pos na: **mailing@gbtown.org. za**

Weereens hartlik dankie dat u altyd daar is vir ons en ons kinders.



LEE LOYNES
Hoof Uitvoerende Beampte




# Hoe ons Leerder Ondersteuningsentrums ons kinders lei op hul pad na sukses

Ons nasionale Leerder Ondersteuningsentrums is ontwikkel vir jongmense wat swak vaar op skool. Dit kan die gevolg van opvoedkundige of remediërende probleme wees, of die verkeerde gedrag in die klaskamer wat hulle hul skoolplasing kan ontneem. Die doel hiermee is om sulke leerders so gou moontlik ná enige vorm van ingryping terug te plaas in die skool van waar hulle verwys is.

Keer op keer word ons beloon deur die positiewe manier waarop ons jongmense reageer en die talle suksesverhale wat ons Leerder Ondersteuningsentrums oplewer. Ons deel graag die stories van twee onlangse presteerders ...

## Bandile

TOE… Onrusbarende terugvoer verlede jaar van Bandile se graad 7-onderwyser het aangedui dat hy op die punt was om alle hoop te laat vaar. Hy het skaars enige studieprogramme bygewoon en oor die algemeen 'n negatiewe ingesteldheid teenoor sy opvoedkundige ontwikkeling getoon. Dit was duidelik dat dringende remediërende ingryping nodig was. Een-tot-een-onderrig en gesprekke met Bandile, waartydens daar meer op sy sterk as sy swak punte gefokus is, het 'n groot rol in die heropbou van sy potensiaal gespeel.

NOU… Ons is bly om te kan sê dat Bandile nou in graad 8 is en steeds alle moontlike hulp aanvaar. Hy het 'n positiewe ingesteldheid teenoor sy skoolwerk, weet wat sy uitdagings behels en vra raad waar nodig. Onlangs het hy die Leerder Ondersteuningssentrum se personeel gevra om vir hom positiewe en inspirerende aanhalings uit te druk wat hy elke dag in sy kamer kan lees. Bandile vorder goed en is besig om in 'n rolmodel te ontwikkel.

## Thulani

TOE… Toe Thulani verlede jaar in ons sorg geneem is, het hy akademiese en gedragsprobleme getoon, geen aandag aan persoonlike higiëne gegee nie en was hy nie in staat tot positiewe interaksie of kommunikasie met die vroulike geslag nie. Hy het boonop geweier om na 'n skool te gaan wat in sy behoeftes sou voorsien en kon nie sy struikelblokke aanvaar nie.

NOU… Ons Leerder Ondersteuningsentrum se personeel het besluit die beste raad sou wees om as 'n span met Thulani te werk. Binne sewe maande kon ons 'n verbetering in sy manier van optrede sien. Sedertdien het hy ingestem om by 'n LSOB-skool (Leerders met Spesiale Onderrigbehoeftes) ingeskryf te word. Thulani se persoonlike higiëne het verbeter, hy is duidelik bewus van hoe belangrik gepaste taalgebruik is en geniet positiewe kommunikasie met vroulike opvoeders en personeel. Thulani se bereidwilligheid om uiteindelik met ons span saam te werk het 'n groot verskil in sy lewe gemaak.

*Dankie aan al ons skenkers. Hierdie groei en ander prestasies van ons jongmense sou nie moontlik gewees het sonder u volgehoue en sorgsame steun nie.*

### Ondersteun ons nou ook deur MySchool

Jy kan Girls & Boys Town nou ondersteun deur middel van die MySchool-program. Indien jy nog nie 'n MySchool/MyVillage/MyPlanet-kaart het nie, doen gerus aansoek om jou gratis kaart en kies Girls & Boys Town as jou begunstigde. Sodra jy die kaart begin swiep, begin ons fondse ontvang. Elke swiep tel!

**Kry jou kaart deur die kliëntedienssentrum te skakel by 0860 100 445 of e-pos cs@myschool.co.za.**

**Vind meer uit by www.myschool.co.za/schools/.**



### Kom meer te wete oor ons bemakingsprogram.

In reaksie op navrae van vriende en donateurs het ons nou 'n gids oor erflatings op ons webwerf beskikbaar gestel. Die doel is om lesersvriendelike riglyne te verskaf aan enigeen wat daarin belang stel om 'n erflating aan Girls & Boys Town te bemaak.

Deur 'n erflating aan die instansie te bemaak of 'n uitkeer- of versekeringspolis aan ons te sedeer, verseker u dat ons altyd daar is om kwesbare jong dogters en seuns vir nog baie jare te help en te bemagtig om uit te blink ( S.H.I.N.E.®).

Vir meer inligting oor ons bemakingsprogram en/of om 'n eksemplaar van die brosjure te bekom, nader asseblief Gertrude Wilson by Tel. 011 482 2655 of per e-pos by mailing@gbtown.org.za.





# OORKOM JOU BEPROEWINGS

Ons moet alte dikwels, met u ondersteuning as skenker, jongmense help om byna ondenkbare seer te oorkom en hul weg terug te vind na hernieude geluk en sukses.

Amelia en Jacob se verhale illustreer maar alte duidelik watter ompaaie so baie moet loop …

## Amelia

Nadat haar biologiese ma haar verwaarloos het, het Amelia 'n lang lys van gedragsprobleme getoon: ernstige middelgebruik, 'n verhouding met 'n gevaarlike bendelid, swak skoolbywoning en seksuele aktiwiteit.

Tydens terapiesessies met Amelia het ons vasgestel haar neerslagtigheid en depressie spruit uit die gebrek aan kontak met haar gasheer-familie. Omdat hulle nie wou hê dat Amelia die Desembervakansie by hulle deurbring nie, het sy verwerp gevoel. Ons het besoek gaan aflê by die gasheer-ouer, wat baie emosioneel geraak het toe sy besef watter uitwerking haar besluit op Amelia gehad het. Gereelde kontak met die gasheergesin sal nou mettertyd ingefaseer word.

Sedert haar aankoms het ons span daarop gefokus om enige positiewe verandering in Amelia se gedrag aan te spoor. Ons het vir haar 'n omgewing met die minimum beperkings geskep terwyl sy nie middels gebruik nie en begin om verhoudings met die mense wat saak maak in haar lewe, te herstel.

Amelia het al die aanvanklike basiese vaardighede bemeester; sy woon haar gespreksessies entoesiasties by en gaan elke dag skool toe – 'n groot verandering van verlede jaar toe sy net een kwartaal skool bygewoon het.

Ons geniet deesdae die teenwoordigheid van 'n jong dogter wat sorgsaam is, wat kan nee sê vir negatiewe invloede en haar vaardighede op verskeie gebiede slyp. Sy help ook graag haar gesinsonderwyser en huismaats met take. Amelia beoog 'n loopbaan as privaat sjef en bied dikwels aan om oor naweke kos te maak.

## Jacob

Op 'n dag toe Jacob twee jaar oud was, het sy biologiese ma vir die gesin gesê sy gaan iemand in die hospitaal besoek, maar het nooit teruggekeer nie. Ons verneem sy biologiese pa is in die tronk.

Die jong Jacob en sy nog jonger boetie was sonder sorg en is in 'n pleeghuis geplaas. Hy het in pleegsorg grootgeword totdat hy antisosiale gedrag en woede begin toon het – hy was oneerbiedig, het ander geboelie en reëls verontagsaam.

Vroeg verlede jaar is hy in Girls & Boys Town Suid-Afrika opgeneem. Hy het gesukkel om by die skool aan te pas, maar was elke dag daar en het baie steun van sy onderwysers gekry.

Toe, net 'n maand nadat hy by ons aangekom het, het die huis waarin Jacob grootgeword het, afgebrand. Sy pleegma en drie kinders het in die brand omgekom – almal behalwe sy jonger boetie.

Jacob het baie sleg op die tragiese nuus gereageer. Hy sou skool toe gaan maar klaskamers vermy en dan by verskillende skole in die buurt opgemerk word. Hy het ongeskik geraak met sy onderwysers, weer ander kinders by die skool en op kampus begin boelie, met dwelms geëksperimenteer en sy persoonlike higiëne afgeskeep.

Hy het berading vir sy hartseer begin kry en is in 'n Vlak 2-dwelmmisbruikprogram opgeneem. Sedertdien het Jacob stadig maar seker verbeter. Deesdae volg hy die program, woon terapiesessies by, neem deel aan aktiwiteite, speel sokker en sien om na sy persoonlike higiëne. En al moes hy 'n graad herhaal, vaar hy beter op skool en is sy onderwysers tevrede met sy vordering.

# SOMERJOLYT OP DIE STRAND

***Sonskyn, lag, braai, sport, uitstappies, speletjies, vaardigheidsontwikkeling – en 'n tikkie teëspoed. Maar by Kamp Caroline is baie herinneringe geskep …***











Teen die middel van Desember verlede jaar het 'n span van ons personeel aangekom by Kamp Caroline, ons toevlugsoord by Munster aan die KZN-Suidkus, om die laaste voorbereidings te tref voordat van ons jongmense die vakansie daar kon deurbring. Hul taak was om toe te sien dat die geriewe gereed was en om 'n volledige program van aktiwiteite vir die volgende paar dae op te stel. Die jongmense het eers laat op die 17de Desember opgedaag, en die kamp is die volgende oggend amptelik geopen.

**Goeie gedrag!**

Met die oog daarop om positiewe gedrag tydens die duur van die kamp te handhaaf, het ons Portuurgroep-leiers dadelik aan die werk gespring. Hulle het hulle goed van hul taak gekwyt deur duidelike grense vir almal te stel, en verdien al die eer vir die gelukkige en hulpvaardige gees wat dwarsdeur die vakansie geheers het.

**Binne en buite**

Vermaak op die terrein het 'n epiese sokkertoernooi, binnenshuise speletjies en flieks ingesluit, asook die "Groot GBTSA-kookkompetisie", waartydens seuns en dogters maaltye moes berei – van pizzas en braaivleis tot die soet, rokerige genot van malvalekkers oor die vlamme!

**Aktiwiteite en uitstappies**

Die jongmense het werklik uitgesien na hul dag-uitstappies, wat besoeke aan verskeie strande, die Galleria-ysskaatsbaan, Ushaka Marine World, die speletjiesarkade by die Wild Coast Sun en die Wet & Wild-waterpark ingesluit het. En dit was duidelik hoeveel genot hulle daaruit geput het.

**Handhawing van roetine**

Benewens die groot aantal prettige aktiwiteite wat beplan is, het die personeel twee keer per week Lewensvaardigheid-groepsessies gereël. Voorts is daar in die oggende Godsdiens gehou, en het ons personeel en jeugleierspanne elke oggend en aand byeengekom om terugvoer te gee en te beplan vir die volgende dag.

**Teëspoed…**

Wie kan nou soveel pret hê sonder 'n ongelukkie of twee? Een van ons kinders het gestruikel en sy kop teen die stoep gestamp. Hy is hospitaal toe geneem vir 'n vinnige ondersoek, en gelukkig was sy beserings nie ernstig nie. Nog een het skielik 'n allergiese uitslag ontwikkel; ná die nodige mediese sorg het hy gou herstel en met oorgawe aan al die aktiwiteite deelgeneem.

**Met dank aan ons vriende en skenkers**

Dit was die eerste keer dat hierdie groep jongmense Kamp Caroline kon ervaar – en hulle het dit terdeë geniet! Hierdie hele ondervinding was slegs moontlik danksy die hartlike steun van ons skenkers en toewyding aan ons gebroke kinders. Dankie vir hierdie wonderlike ervaring van pret, plesier en seëninge, en vir die helende herinneringe wat hulle gaan bybly.

Tydens ons besoek aan Kamp Caroline is ons verdeel in verskillende slaapareas en kon ons heerlike avonture saam met die seuns van Magaliesburg en Maccassar beleef. Ons het die ysskaats, Ushaka en die vermaak by die Wild Coast Sun baie geniet; ook die opwindende programme wat die jeugsorgwerkers vir ons beplan het. Ons het ook leersessies gehad wat direk tot die seuns gespreek het. Ek voel dat elkeen heelwat geleer het uit hierdie vakansie by Kamp Caroline.

Josh

Geagte Mnr Moses

Dankie vir die vakansie. Nou kan ek sien waaroor die lewe gaan – om bande te smee met ander seuns net soos ons. Die meeste van hulle het dieselfde probleme as ons en ek het nooit gedink ek sou die meeste van die seuns daar so mis nie. Van een ding is ek seker, en dit is dat u en die jeugsorgwerkers my lewe verander het op 'n manier wat ek nooit kon droom nie. So, al wat ek wil sê, is dankie vir alles wat u en die jeugsorgwerkers dié Desember-vakansie vir my gedoen het.

Adie

Aan: Elkeen wat Kamp Caroline moontlik gemaak het. Ek wil graag vir u almal dankie sê dat u die Desember 2022-vakansie vir ons so onvergeetlik gemaak het. Ek kon daar dinge doen waarvan ek altyd gedroom het. Julle wonderlike mense het die meeste van ons drome laat waar word en ek is so dankbaar daarvoor. Aan die personeel wat saamgegaan het: Dankie dat u u vakansie opgeoffer het om saam met ons te wees. Die etes was vir my iets besonders. Dit het gevoel asof ek by die huis was, terwyl ek ver daarvandaan was.

Dankie. Vriendelike groete,

Luyo



*WAT OOKAL ONS DOGTERS EN SEUNS SE NAME MAAK NIE SAAK NIE ! Al die jongmense in ons nuusbriewe is ware Girls & Boys Town-familie! Ter beskerming van hul privaatheid is dit ons beleid om skuilname te gebruik. Ons hoop u het begrip daarvoor. Dankie.*